

# 20 PLUS VIR WINETECH

DEUR JANA LOOTS

“ Van ’n spreekwoordelike klein jakkals in die wingerd tot ’n vlieg in die wyntenk ... Winetech skakel die afgelope 20 jaar lank vraagstukke in vindingryke oplossings om as navorsings-koördineerder vir die Suid-Afrikaanse wynbedryf. En opwindende dinge lê voor.





**W**inotech is kort voor die draai van die millennium gevestig om 'n nuwe era vir navorsing en tegnologie-oordrag in die Suid-Afrikaanse wynbedryf in te lui. Oor die afgelope 20 jaar het die eenmankantoor na 'n dinamiese span van nege uitgebrei wat nou saam met hul bedryfsvennote reg is vir 'n vars, praktiese aanslag.

#### **ONAFHANKLIKE NAVORSINGSLIGGAAM**

Die gesprekke rondom 'n bedryfsliggaam wat navorsing kan koördineer, het reeds in 1996 onder verskeie bedryfsrolspelers afgeskop, vertel Gerard Martin, uitvoerende hoof van Winotech. "Nadat sanksies teen Suid-Afrika in die middel 1990's opgehef is, het KVV se groter kommersiële aanslag daartoe gelei dat 'n nuwe, onafhanklike tuiste vir die navorsingsfonds gevind word ten bate van die hele bedryf."

Die stigterslede het ingesluit KVV, Kaapse Wyn- en Spiritualieë-instituut (KWSI), die Stigting vir Navorsing en Ontwikkeling (SNO), die Vereniging van Kaapse Landgoedwynprodusente (VKL), die Koöperatiewe Wynkelders (KWK) en die Wes-Kaapse en Nasionale departement van landbou.

"Winotech, die afkorting vir Wine Industry Network of Expertise and Technology, se mandaat was uit die staanspoor navorsing en tegnologie-oordrag," vertel Jan Booysen. Hy het Winotech se deure in 1999 as eenmankantoor geopen.

Die aanvanklike vier tegniese komitees vir wingerdkunde, wynkunde, opleiding en tegnologie-oordrag het oor tyd plek gemaak vir ses wingerdboukundige en vier wynkundige komitees, en een komitee vir tegnologie-oordrag, met altesaam 75 vrywillige komiteelede. Die ontwikkeling van menslike kapitaal is 'n vierde fokusarea.

In 2018 is Winotech omgeskakel van 'n vereniging na 'n maatskappy sonder winsbejag, wat aansoeke vir befondsing van veral regeringsdepartemente gladder sou laat loop. Die direksie sluit tans verteenwoordigers van die bedryfsliggame Vinpro, SA Liquor Brand Owners Association (Salba) en die National African Farmers Union (NAFU) asook spesialisasie in ander dissiplines in.

Winotech, wat in die Paarl gesetel is, se uiteenlopende span kundiges sluit in 'n uitvoerende hoof, bestuurder, navorsings- en ontwikkelingsbestuurder, twee kennisoordragkoördineerders, 'n leer- en ontwikkelingsbestuurder, twee administratiewe personeellede en 'n tegniese konsultant.

#### **DIE REGTE VENNOTE**

Winotech het oor die jare hegte bande met die regte vennote gesmee om sy relevansie vir die bedryf te verseker. Produsente en kelders gee insette oor navorsingsbehoefes, dien vrywilliglik en sonder vergoeding op die tegniese komitees, en dra by tot die befondsing van Winotech deur statutêre heffings wat vermenigvuldig word deur befondsing van navorsingsinstansies, die regering en industrieë. Die navorsers self is vanselfspekend ook belangrike vennote in die proses.

**“ Die praktiese toepassing van navorsing ter waarde van R20 miljoen om rolbladvirus uit te roei het 'n omwenteling in die Suid-Afrikaanse wynbedryf meegebring.**

Winotech se spanlede is (van links) Gerard Martin, uitvoerende hoof; Jamey Adriaanse, administratiewe assistent; Kachné Ross, leer- en ontwikkelingsbestuurder; Anel Andrag, bestuurder; Jan Booysen, tegniese konsultant; Karien O'Kennedy, kennisoordragkoördineerder: wynkunde; Adriaan Oelofse, navorsings- en ontwikkelingsbestuurder; Brigitte Cyster, administratiewe assistent; en Lucinda Heyns, kennisoordragkoördineerder: wingerdkunde.

